Uitnemende Kantoorgebaseerde Opvoeders

Dr Drik Greeff – Hoof Onderwyskundige E-Learning by die Provinsiale Hoofkantoor van die Oos-Kaap Onderwysdepartement.

Drik het ‘n formidabele rekord van bykans 40 jaar in die onderwys, waarvan sowat 18 jaar diens is as onderwyser en die laaste 21 jaar as kantoorgebaseerde opvoeder by die Oos Kaapse Onderwysdepartement. Vir almal by die SAOU is Drik sinoniem met die “Hoor Hier” nuusbrief wat hy privaat ongeveer twee tot drie keer per week hoofsaaklik na-ure per e-pos aan sowat 750 skole en ongeveer 150 amptenare in die Oos-Kaap versprei. Drik bestuur ook sedert 2008 die Oos-Kaap se eksamenwebtuiste. Hierdie webtuiste, waarvan hy trouens die skepper is, het landswyd ‘n ongelooflike hoë gebruiksfrekwensie. Een van die sub-direktoraat: E-Learning se belangrikste take is die opleiding van onderwysers. Teachmeet, ‘n forum waar onderwysers van alle grade en vakke bymekaar kom om interessante inligtingstegnologie-ondervindings met mekaar te deel, is ook Drik se skepping en ideaal vir die doel. Drik is ook betrokke by die bemagtiging van beginneronderwysers. Drik is ook gereeld n aanbieder by verskeie seminare en werkswinkels. In 2015 was hy ook een van ‘n groep kundiges wat as deel van operasie Phakisa gehelp het om ‘n nasionale strategiese raamwerk op te stel vir die gebruik van inligtingstegnologie in die klaskamer. Toe die waarnemende Hoofdirekteur: Kurrikulumbestuur in 2016 noem dat die OKOD nie weet wat die stand van kurrikulumdekking in Graad 12 op enige gegewe stadium is nie, het Drik aangebied om ‘n aanlynvorm te ontwikkel wat skoolhoofde op ‘n gereelde basis moes invul. Drik se direktoraat ondersteun ook die 560 skoleprojek wat in 2016 in die Oos Kaap geloods is. 560 lewensvatbare Hoërskole in kwintiel 1-3 word op ‘n omvattende wyse vir die volgende 3 jaar ondersteun. Die skole is nie noodwendig onderpresterend nie, maar is almal in baie arm gemeenskappe. In 2016 het Drik se direktoraat 9 klaskamers in 18 skole (altesame 162 klaskamers) in smart classrooms onderskep en in 2017 ‘n verdere 3 klaskamers in 135 skole (405 klaskamers). Gedurende 2016 is 167 van die 560 skole toegerus met telematiese sentrums en nog 165 sal teen 2017 geïnstalleer wees. Drik is ‘n aanwins vir enige provinsiale onderwysdepartement. Ons wens ons kan jou kloon!